

HOOFSTUK

1

Opsomming

Definisie	Verduideliking
Privaat Maatskappy	'n Maatskappy waar die aandele privaat verhandel word en daar 1–50 aandeelhouders is.
Publieke Maatskappy	'n Maatskappy waar aandele uitgereik word aan die publiek en het 'n minimum van een aandeelhouer.
Maatskappywet	Wetgewing wat die verskillende persone betrokke in 'n maatskappy identifiseer en aantoon wat hul regte en verantwoordelikhede is.
Registrateur van Maatskappye	Alle maatskappye in Suid-Afrika moet geregistreer word by die Registrateur van Maatskappye en moet voldoen aan alle relevante voorskrifte van die Maatskappywet.
Akte van Oprigting	Gedefinieer as 'n dokument wat die regte, pligte en verantwoordelikhede van aandeelhouders, Direkteure en ander persone binne 'n maatskappy uiteensit.
Inkomstebelasting	Inkomstebelasting is 'n belasting gehef op alle inkomste en wins ontvang deur die maatskappy.
Voorlopige inkomstebelasting	Betalings gemaak aan SAID ten einde hul belastinglas in twee betalings te verdeel voor die finale aanslag ontvang word.
Dividende	Verdeling van 'n gedeelte van 'n maatskappy se winste aan sy aandeelhouders soos verklaar deur die Direksie.
Aandele	Eenheid van eienaarskap in 'n maatskappy.
Uitreikingsprys	Die prys wat betaal word vir 'n eenheid aandeel in 'n maatskappy by uitreiking.
Verdienste	Die na-belasting wins wat 'n maatskappy voortbring gedurende 'n spesifieke finansiële tydperk.
Aandeelhouders	Eienaars van 'n maatskappy.
Direkteur	'n Individu verkies deur die aandeelhouders om die bestuur van die maatskappy waar te neem.
Ouditeur	'n Individu verkies deur die maatskappy om die boeke van die maatskappy te audit.
Beperkte aanspreeklikheid	Die maatskappy is aanspreeklik vir sy eie skuld en in geval van insolvensie is die eienaars se aanspreeklikheid beperk tot die bedrag wat hulle belê het.
Skeiding van eienaarskap	'n Afsonderlike regsentiteit en die eienaars van die maatskappy het nie nodig om die onderneming te bestuur of die maatskappy te beheer nie.
Behoue inkomste	Opgelope wins van finansiële jaar tot finansiële jaar.
Gemagtigde aandeelkapitaal	Die maksimum bedrag gestipuleer vir die uitreik van aandele.
Uitgereikte aandeelkapitaal	Die waarde van die aandele reeds uitgereik deur die maatskappy.
JSB	Gebaseer in Sandton, Suid-Afrika waar aandele van spesifieke maatskappye aangekoop en verkoop word.
IFRS	Riglyne vir die opstel van Finansiële State van maatskappye om 'n mate van konsekwenheid in die verslagdoening van rekeningkundige praktyke regdeur die wêreld te verseker.
AARP	'n Stel reëls, konvensies, standaarde en prosedures vir verslagdoening van finansiële inligting wat wyd aanvaar word, vasgestel deur die Finansiële Rekeningkundige Standaarde Raad.
Besigheidsentiteit	Die eienaars en die maatskappy se finansiële sake moet afsonderlik gehou word.
Historiese koste	Alle bates van die maatskappy word teen kosprys teboekgestel.
Lopende saak	Die maatskappy sal in die afsienbare toekoms bly voortbestaan.
Paring	Uitgawes en inkomste word in dieselfde rekeningkundige tydperk te boek gestel.
Omsigtigheid	Die finansiële resultate van die onderneming moet op 'n konserwatiewe basis getoon word.
Wesenlikheid	Items wat belangrik is moet afsonderlik getoon word.